Oyster Bay NEWS
OesterbaaiNUUS

Desember

2021

December

Nuusbrief van die Oesterbaai Inwonersvereniging • Newsletter of the Oyster Bay Residents' Association • Sien ook www.oesterbaai.info

Kalender vir die feesgetyd

Daar sal geen Kersmark wees nie, maar mense kan adverteer as hulle goed wil verkoop op die WhatsApp groep deur Walter. Die OIV Jaarvegadering is die 21ste Desember in die saal. Kerkdienste vir die 19de en die 25ste Desember is gereel

Oesterbaai Gaan Voort met Nuwe Energie

Die Covid 19 het sy draai op Oesterbaai ook gemaak met die negatiewe invloed op almal se lewens soos reg deur die land.

Dit het egter nie die geloof en gees van die mense onder gekry nie.

Die mense wat sleg deur Covid 19 geraak was, was mooi ondersteun deur ondersteunings groepe en individue.

Ons wil graag simpatiseer met almal wat familie,vriende of kollegas aan die dood afgegestaan het

Die ontwikkeling in die dorp het aangegaan en baie veranderinge en instandhouding het begin en het goeie werkskepping tot gevolg gehad.

Die nuwe golf is hier en die belangrikste is dat ons by die reels moet bly.

BIBLIOTEEK - Ons bestuurlede, Hylien de Jonge en Anita Swanepoel, bedryf die OIV se Biblioteek met groot oorgawe. Inwoners maak weekliks op 'n Donderdag van 10:00 tot 11:00 van die Biblioteek gebruik. Hulle het 'n gesellige atmosfeer geskep en die boeke (meestal fiksie) is goed uitgestal. Ons bedank ook lede van die OIV wat groot skenkings van boeke gedoen het. Dupliserings en verouderde boeke word aan instansies geskenk. Verdere skenkings van meer resente en klassieke boeke sal steeds waardeer word. Ons dames se insette hier het 'n wonderlike bate vir ons Oesterbaaiers geword. Die ledetal by die biblioteek het meer as verdubbel en is steeds aan die toeneem. Die jaarlikse fooi beloop R30-00.



Daar het ses klein Oestervangers uitgebroei van drie pare Oestervangers van die rotse tot waar die hoe sandwal eindig

Hiervan het 5 kleintjies groot geword tussen die werkende masjiene tot volwasse voels en een kleintjie het verdwyn. Ons vermoed die grys muishonde het hom gevang.

Nuusbrokkies

- **Die konsert van die Living Waters Creche en Na-skool was n groot sukses en die harde oefenige het gewys wat die kinders kon vermag. Groot dankie aan die afrigters.**
- **Daniel Donovan provincial colours NASP archery junior high A team 2021**
- **Pieter du Preez wen goue medalje by die olimpiese spele**
- **Die Kouga Municipality Caring Project took place in August 2021 with the soup bottels under leadership of Marie Oosthuizen.**
- **Die nuwe stasiegebou vir die NSRI is in aanbou langs die winkel**

WERKSAAMHEDE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

GEMEENSKAPSAAL

Die Oesterbaai Gemeenskapsaal word die afgelope 4 jaar deur die Bestuurskomitee van die OIV bestuur. 'n Formele memorandum bestaan vir hierdie doel

Die ooreenkoms vir die bestuur van die Saal verval aan die einde van 2021. In November 2020 is die Munisipale Bestuurder skriftelik versoek, vir hernuwing vir n langer ooreenkoms. Die gebreke aan die saal is ook in hierdie skrywe uiteengesit.

Ondernemings is gegee, o.a. vir die vervanging van geute (reeds afgehandel), aanbring van reënwater tenks, vervanging van vensterrame aan die suidekant, herbedekking van die vloer, plafon vir die kombuis, warmwatertoesstel ens. 'n Stukkende wasbak en deur is ook reeds vervang.

Die Bestuurskomitee onderneem om alles binne ons vermoë te doen om ons saal vir ons gemeenskap en die toekoms te bewaar. Baie dankie aan Walter, Adriaan en ander bestuurslede vir all hierdie relings en bestuur. Voorsitter OIV

PAAIE

Die Provinsiale paaie na Oesterbaai bly 'n groot uitdaging wat voordurende skakeling met die Provinsiale owerhede noodsaak. Walter wil graag vir Randall Moore van die Provisiale Paaie Department bedank vir sy samewerking om met 'n uiters beperkte begroting die pad rybaar te hou. 'n Gruislaag is weer onlangs gelê.

Gruis deur die Munisipaliteit afgelewer word na die interne paaie verspoel het en plat gewerk word deur plaaslike werkers.

Potholes is op die teerpad reggemaak. Ander instandhouding is ook gedoen. Voorsitter OIV

LEDEGELD

Ons herhinner graag lesers dat die Grondwet van die Oesterbaai Inwonersvereniging voorsiening maak dat enige person wat die belange van ons Dorp op die hart dra, lede kan word. Sien www.oesterbaai.info

Ledegeld beloop R50-00 per persoon per jaar. Ledegeld vir 2021/22 is nou betaalbaar. Ons bedank ook al ons getroue donateurs. Die OIV het by sy afgelope twee jaarvergaderings besluit om 'n beroep te doen op eienaars om jaarliks 'n bedrag van R500 per huishouding aan die OIV te skenk. Alle fondse word gebruik om Oesterbaai 'n beter plek te maak deur paaie in stand te hou, ons omgewing te verfraai, trappe na die rotse instand te hou, vullisdromme in stand te hou ens. Dit is ter aanvulling van die werk wat deur die Munisipliteit gedoen word.

EFT: Bank: ABSA. Rek. Oesterbaai Inwonersvereniging. Rek. no. 4052178885. Verw. Ledegeld, Naam en Van. Bewys van betaling aan: martiens@lantic.net

Kontantbetalings: By Walter of Adriaan. Palingstraat 214 of Martiens Grunterstraat 213.

Ons hou alle lede op die hoogte van belangrike en interessante gebeure in Oesterbaai. Ons WhatsApp groep is slegs vir inligting en laat nie deelname van almal toe nie. Enige versoeke vir plasing kan aan Walter Kurten, Sel nr, gerig word. Voorsitter OIV

THYSPUNT

Ons was almal verlig toe ons 'n paar jaar gelede verneem het dat Duynefontein naby Koeberg, die voorkeur terrein vir die oprigting van 'n volgende Kernkrag sentrale sou wees.

Met skok is gedurende Julie hierdie jaar verneem dat die Nasionale Kernenergie Reguleerder (NNR) 'n aansoek van Eskom vir 'n lisensie om 'n kernkrag aanleg by Thyspunt op te rig. Openbare deelname verhore is in piek Covid tyd by Mentorskraal en St Francisbaai gehou. Ek was nie bereid om dit by te woon nie, vanweë die Covid risiko. Ek wel die Bestuur van die OIV se beswaar skriftelik aan die Voorsitter van die NNR gerig. Ek het ook as waarnemer elektronies by die verrigtinge ingeskakel.

Op 12 November is ek in kennisgestel dat die NNR die Saal wil huur vir 'n openbare inligitngsessie op 15 November 2021. Ek het dit bygewoon en as volg op ons WhatsApp groep terugvoer gegee:

"Dit was die eerste in Oesterbaai, terwyl ons en die Umzamowethu inwoners die meeste geraak sal word. Openbare verhore en inligitng sessies word oral oor gehou, behalwe hier. Dit is my mening dat steun sovêr as Hankey verkry word, maar ons word uitgelaat. My vrae oor of die impak gedurende die konstruksie tyd (ten minste 10 jaar) in die toekenning van die lisensie inaggeneem word, is onwykend beantwoord. So ook is my vraag of die vermoë van Eskom om so 'n projek veilig en effektief deur te voer nie beantwoord nie. Ek is na die openbare verhoor op 23 November om 18:00 by Kruisfontein Civic Sentrum verwys om my besware te lig. Ek is ongelukkig uitstedig. Dalk moet ons Henk Bloem se voorbeeld volg en 'n openbare verhoor van die NNR versoek in Oesterbaai gedurende Desember, wanneer al die eienaars hier is. U kan dié rig aan Mnr. Gino Moonsammy by gmoonsamy@nnr.co.za. Ek stuur ook die Bestuurskomitte se skriftelike vertoë aan. Groetnis"

Intussen het ek van Mnr. Moonsamy verneem dat hulle ons versoek vir 'n openbare verhoor wel oorweeg.

Belanghebbendes sal per WhatsApp ingelig gehou word.

Voorsitter OIV

Hantering van die Duinindringing en Rehabilitasie

Instandhoudingswerk is gedurende Augustus, November en Desember 2021 gedoen. I sekere areas vorder die rehabilitasie baie goed. Die rehabilitasie word vertraag as gevolg van die tekort aan besproeingswater. Reelings is getref om plante in groot maat te laat kweek deur Omgewingsbewaring in Jeffeysbaai. Joe Meyer

Neem Kennis – Take note

- Waste removal is on Thursdays. Place bags out early in the morning to avoid dogs and mongooses tearing the bags. On any other day, please dispose your rubbish between 08:00 and 16:00 at the tip near the entrance to Oyster Bay or in one of the many blue dustbins. Please do not leave bags in front of the gate of the tip
- A system of French drains is used in Oyster Bay. Care must be taken of what goes into the system otherwise it could become blocked. Avoid fat disposal
- Parkering bly 'n probleem. Vermy asseblief Branderstraat wat vir noodvoertuie toeganklik gehou moet word sou dit nodig wees. Parkering is beskikbaar op die hoek van Geelbek- en Oester strate.
- Vuurwerke en papierlanterns is verbode in Oesterbaai of op die strand. Rapporteer asseblief oortredings by 042 200 2200 of na-ure by 042 291 0250 of 042 200 8330.
- Besoek gerus die opgeknapte biblioteek in die gemeenskapsaal. Oop elke Woensag tussen 11:00 en 12:00.
- Streng waterbeperkings in die Kouga munisipale area is steeds in werking – ook in Oesterbaai. Die gebied se opgaardamme is kritiek laag .Alhoewel Oesterbaai se water van boorgate en fonteine kom, is die dorp se infrastruktuur van sodanige aard dat die watervoorsiening met die toestroming van vakansieg angers kwaai onder druk is, Dus, gebruik water asseblief baie spaarsamig.

OESTERBAAI EIENDOMME

t/a Oyster Bay Estate Agency CC

Jou Plaaslike Agent

Elmarie Meyer
082 568 1759

Tornynstraat 6, Oesterbaai, 6305 • Epos oysterbayproperties@gmail.com

BEACH FRONT
R 2 150 000

Stewig geboude 3 slaapkamerwoning
3 Slaapkamers, 2 badkamers, oopplankombuis met woonvertrek wat uitloop op stoep met braai aan agterkant van woning, asook woonvertrek wat uitloop op stoep aan voorkant van woning. Enkelmotorhuis met buitekamer en toilet. Byna geen trappe

NETJIESE 3-SLAAPKAMERWONING
R1 955 000

3 slaapkamers, 2 badkamers, 2 slaapkamers stap uit op dek met see uitsig. Oopplan woonvertrek met kombuis en opwas, woonvertrek stap uit op onderdak stoep met braai. Eiendom is omheen en stap afstand vanaf die strand

PRAGTIGE SEEUITSIG
R 2 640 000

Ongelooflike mooi uitsig, 4 slaapkamers, 2 badkamers, ruim oopplanwoonvertrek met binnebraai en kombuis. Geen trappe. Dubbel onderdakparkering.

OP DIE STRAND R 2 950 000

6 Slaapkamers met 4 badkamers, oopplan kombuis en spens, ruim oopplan woonvertrek wat uitstap op dek aan die suidekant asook ruim half onderdak dek met braai aan die noordekant by die agterdeur. Hierdie woning is baie gewild as 'n huurhuis vir naweke en vakansies. 2 Water tenks hierdie woning het permanente see uitsig met seefront

SONNIGE WONING
R 1 920 000

3 slaapkamer met ingeboude kaste, 2 badkamers, opwas, ruim kombuis met kaste, oopplan woonvertrek, binne braai met dek, dubbelmotorhuis met stoorkamer en toilet. Eiendom is omhein

3-SLAAPKAMERWONING MET MIN ONDERHOUD
R 2 365 000

3 slaapkamers met ingeboude kaste, 3 badkamers, waskamer met ingeboude kaste met buite deur, ruim oopplan kombuis met baie kaste, oopplan woonvertrek met permanente see en strand uitsig kombuis het ook permanente see uitsig binne braaiwal uitloop op dek met ongelooflike permanente see uitsig. Motorhuis, water tenks, hierdie woning is baie netjies asook lig en sonnig, bouplanne en okkupasiesertifikaat is alles inplek

FAMILIEWONING R 2 650 000

3 slaapkamer woning met 2 badkamers, ruim oopplan kombuis en woonvertrek met binnebraai wat uitloop op dek met ongelooflike mooi see, strand en duin uitsig. 2 de woonvertrek met uitsig. Elke kamer het ingeboude kaste, ruim kombuis met kaste. Kombuis loop uit op binne hof met braai asook na waskamer en dubbel motorhuis met kamer en badkamer. Byna geen trappe

BEACH FRONT
R 1 500 000

4 skaapkamer 2 badkamers, woonvertrek, dubbelmotorhuis, woonstel met 2 slaapkamers pragtige uitsig – hierdie eiendom het baie potensiaal.

VERSKEIE ERWE TE KOOP
VANAF R 260 000

www.oesterbaaieiendomme.co.za

OESTERBAAI EIENDOMME

t/a Oyster Bay Estate Agency CC

Jou Plaaslike Agent

Elmarie Meyer
082 568 1759

Tornynstraat 6, Oesterbaai, 6305 • Epos oysterbayproperties@gmail.com

Te Huur

WONING SLAAP 10 PERSONE

Te Huur

GROENHUISIE
WONING HUISVES 4 PERSONE

Te Huur

ON THE ROCKS
HUISVES MAKSIMUM 10 PERSONE PER NAG

Te Huur

TEN ON TORNYN
Eenheid 1 huisves 2 persone
Eenheid 2 huisves 3 persone
Eenheid 3 huisves 2 persone

Te Huur

AT THE BEACH
WONING SLAAP 12
PERSONE

Te Huur

A WAVE FROM IT ALL
WONING SLAAP 6 VOLWASSENES EN
2 KINDERS